*Saterdag* **4 Januarie**

Skrifgedeelte: Deuteronomium 8:1-20
Fokusgedeelte: Deuteronomium 8:1
God het krag, luister na sy Woord

In ons wêreldregerings is demokrasie die wagwoord van die nuwe eeu. Direk vertaal vanuit sy Griekse oorsprong beteken die woord: die volk het krag. In die denkwêreld is die vermoë en die reg van die mens 'n hoë prioriteit. Daar is weerstand teen gesag wat van buite af op my afgedwing word en daar eerder gekonsentreer word tot instemming. Mense wil 'n keuse hê hoe hulle hul lewe wil lei. En daar is druk op die kerk om aanpassings te maak om die vryhede van mense te akkommodeer.

Tog, ten spyte van die vryhede wat mense hulle toe-eien, word die ellendes van die wêreld net groter en nie beter nie. Moord, oorloë, epidemies en armoede was die resultate van die vorige eeu. God se regering is geen demokrasie nie! Die psalmdigter van Psalm 134 sê dat dit God is wat kan beveel en dit gebeur. Hy alleen is by magte om te voorsien en kan dus beveel. Hy is God en geen mensgelyke. Daar kan nie sprake wees van onderhandeling oor hoe Hy behoort gedien te word nie. Hy beveel die Godsvolk voor hulle die nuwe land betree: "Jy moet elke gebod wat ek jou vandag gee gehoorsaam en daarvolgens lewe. Dan sal jy bly lewe, baie word, die land ingaan en dit in besit neem."

God laat by die volk wat voor groot uitdagings in 'n nuwe land te staan kom, geen twyfel oor waarin hulle sukses gevestig moet wees nie: sy gebod. Noudat aan die begin van 'n nuwe jaar staan, laat ons as Godsvolk ons onderwerp aan sy Woord, Jesus Christus, ons Koning. As ons doen wat sy Woord ons beveel, sal Hy ons versorg, ook in die onbekende wat voor ons lê.

*Sing: Psalm 99*

*Ds. RP (Rodney) van Wyk (Grassy Park)*